MIRANDA MINERAL HOLDINGS LIMITED

MIRANDA MINERAL HOLDINGS LIMITED
(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1998/001940/06)
Aandeelkode: MMH ISIN: ZAE000074019
("Miranda" of "die maatskappy" of "die groep")

Verkorte geouditeerde finansiële resultate

vir die jaar geëindig 31 Augustus 2008

HOOGTEPUNTE

- Suksesvolle afhandeling van tweede kapitaaluitgif van R20.7 miljoen deur die privaatplasing van 28 miljoen aandele
- Afhandeling van 'n verbetering van groepsteenkoolhulpbronne tot 158 miljoen ton, insluitend die uitreik van vyf verslae deur bevoegde persone
- Verdere konsolidasie van steenkoolbelange in KwaZulu-Natal
- Toestaan van mynbouregte vir Sesikhona-steenkoolprojek word binnekort verwag
- Toestaan van Amajuba-steenkooltender wat vier steenkoolprospekteer-permitte insluit
- Hou direkteure se waardasie van R284 miljoen vir mineraalprojek wat by Rozynenbosch gesetel is vol
- Intensiewer eksplorasie van diamantprojek in Noord-Wesprovinsie
- Toekenning van twee addisionele eksplorasiepermitte in Botswana, langs bestaande Mochudi-diamantprojek
- Eerstefase-boordwerk afgehandel by Uitval-kleiprojek in Noord-Wesprovinsie
- Toeskryfbare verlies vir die jaar teen 4.5 sent per aandeel ("spa") (2007: verlies van 1.0 spa)
- Netto batewaarde teen 157 spa (2007: 175 spa), insluitend tasbare netto batewaarde van 9.5 spa (2007: 5.8 spa)

BALANSSTATE

	Groep 2008 R'000	Groep 2007 R'000	Maatskappy 2008 R'000	Maatskappy 2007 R'000
BATES				
Niebedryfsbates	**323,852**	317,180	**30,797**	31,744
Eiendom, aanleg en toerusting	**6,639**	231	**81**	20
Klandisiewaarde	**10,609**	10,109	**–**	–
Ontasbare bates	**306,832**	306,832	**–**	–
Belegging in filiale	**–**	–	**30,716**	31,716
Belegging in assosiate	**(228)**	–	**–**	–
Ander finansiële bates	**–**	8	**–**	8
Bedryfsbates	**21,387**	12,182	**37,639**	18,049
Voorraad	**–**	77	**–**	–
Lenings aan groepmaatskappye	**–**	–	**17,343**	5,945
Handels- en ander ontvangbare rekeninge	**905**	85	**–**	85
Kontant en kontantekwivalente	**20,482**	12,020	**20,296**	12,019
Totale bates	**345,239**	329,362	**68,436**	49,793
EKWITEIT EN LASTE				
Ekwiteit (toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van beherende maatskappy)	**337,817**	327,731	**66,344**	47,242
Aandelekapitaal	**74,645**	54 961	**74,645**	54,961
Reserwes	**284,522**	284,522	**–**	–
Teruggehoue verdienste	**(20,799)**	(11,679)	**(8,301)**	(7,719)
Minderheidsbelang	**(551)**	(73)	**–**	–
Niebedryfslaste				
Finansieringshuurkoopverpligtinge	**3,614**	–	**–**	–
Bedryfslaste	**3,808**	1,631	**2,092**	2,551
Lenings van groepmaatskappye	**–**	–	**1,884**	2,001
Ander finansiële laste	**1,004**	1,004	**–**	–
Finansieringshuurkoopverpligtinge	**1,614**	–	**–**	–
Handels- en ander betaalbare rekeninge	**1,190**	627	**208**	550
Totale ekwiteit en laste	**345,239**	329,362	**68,436**	49,793
Sluitingsgetal uitgereikte aandele ('000)	**215,131**	187,131		
Netto batewaarde per aandeel (sent)	**157.0**	175.1		
Netto tasbare batewaarde per aandeel (sent)	**9.5**	5.8		

INKOMSTESTAAT

	Groep 2008 R'000	Groep 2007 R'000	Maatskappy 2008 R'000	Maatskappy 2007 R'000
Inkomste	**372**	2,000	**–**	–
Koste van verkope	**(298)**	–	**–**	–
Bruto wins	**74**	2,000	**–**	–
Ander inkomste	**548**	–	**–**	–
Bedryfsuitgawes	**(11,674)**	(4,220)	**(2,462)**	(707)
Bedryfsverlies	**(11,052)**	(2,220)	**(2,462)**	(707)
Beleggingsinkomste	**2,108**	441	**2,109**	441
Inkomste uit ekwiteitverrekende beleggings	**(229)**	–	**–**	–
Finansieringskoste	**(423)**	–	**(229)**	–
Verlies vir die jaar	**(9,596)**	(1,779)	**(582)**	(266)
Toeskryfbaar aan:				
Ekwiteitshouers van die beherende maatskappy	**(9,119)**	(1,706)	**(582)**	(266)
Minderheidsbelang	**(477)**	(73)	**–**	–
Beswaarde gemiddelde getal uitgereikte aandele ('000)	**201,131**	175,948		
Verdienste/(verlies) per aandeel (sent)	**(4.5)**	(1.0)		
Wesensverdienste/(-verlies) per aandeel (sent)	**(4.5)**	(1.0)		

KONTANTVLOEISTAAT

	Groep 2008 R'000	Groep 2007 R'000	Maatskappy 2008 R'000	Maatskappy 2007 R'000
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite				
Kontant benut in bedrywighede	**(10,789)**	(3,206)	**(2,695)**	(760)
Rente-inkomste	**2,108**	440	**2,108**	440
Finansieringskoste	**(422)**	–	**(229)**	–
Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite	**(9,103)**	(2,766)	**(816)**	(320)
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite				
Aankoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(6,854)**	(13)	**(85)**	–
Verkryging van besighede (insluitend filiale JVs & Assosiate)	**(500)**	(1,000)	**–**	(1,000)
Lenings voorgeskiet aan groepmaatskappye	**–**	–	**(10,514)**	(2,555)
Verkoop van finansiële bates	**8**	269	**8**	520
Netto kontant uit beleggingsaktiwiteite	**(7,346)**	(744)	**(10,591)**	(3,035)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite				
Opbrengs uit aandeeluitgif	**19,684**	15,373	**19,684**	15,373
Terugbetaling van aandeelhouerslening	**–**	132	**–**	–
Finansieringshuurkoopbetalings	**5,227**	–	**–**	–
Netto kontant uit finansieringsaktiwiteite	**24,911**	15,505	**19,684**	15,373
Totale kontantbeweging vir die jaar	**8,462**	11,995	**8,277**	12,018
Kontant aan begin van die jaar	**12,020**	25	**12,019**	1
Totale kontant aan einde van die jaar	**20,482**	12,020	**20,296**	12,019

KOMMENTAAR

1. BEDRYFSOORSIG

Gedurende die jaar waaroor verslag gedoen word, het die groep groter wasdom bereik en aggressief beweeg na 'n volskaalse gevorderde eksplorasieprogram ten opsigte van voorkeursteenkoolprojekte. Die indien van die groep se eerste aansoek om Mynbouregte by die Departement van Mineraal- en Energiesake ("DME") gedurende die finansiële jaar was 'n beduidende mylpaal vir die groep. Die verwagte suksesvolle toekenning van die mynbouregte by die Sesikhona Kliprand-steenkoolprojek in KwaZulu-Natal gedurende die laaste kwartaal van die 2008-kalenderjaar, sal volg op 18 maande van werk om dit te bewerkstellig.

Op 'n strategiese vlak het die groep sy eksplorasiebates herfokus in vier hulpbronklasse naamlik, steenkool, diamante, goud en nywerheidsminerale. Dit het die bestuur in staat gestel om die groep se eksplorasiestrategie op 'n doelgerigte en gedissiplineerde manier te koördineer en hulpbronne toe te ken aan elke projek volgens die meriete van elke spesifieke projek.

Steenkooldivisie

Die maatskappy het 'n omvattende kernboorprogram afgehandel op die eiendomme in KwaZulu-Natal ("KZN"). Dit het gelei tot die publikasie van vier verslae deur bevoegde persone wat 'n hulpbron van 120 miljoen ton ("mt") antrasiet en bitumineuse steenkool met uitstekende kookseienskappe bevestig het. Die eerstefase-boorprogram is gedoen by die Amajuba-projek en 'n aanvanklike verslag deur 'n bevoegde persoon is afgehandel. Die verslag identifiseer 'n hulpbron van ongeveer 38 mt. Dit het Miranda se totale steenkoolhulpbronne in KZN volgens die verslae bevestig as 158 mt. *(PC Meyer: Pr.Sci.Nat. (Reg. no. 40025/03), MGSSA, MFFF).

Die produksietyd by Sesikhona sal na verwagting nie meer as ses weke wees nie. Afhangend van die tydsberekening vir die uitvoer van die Sesikhona-mynboupermit, behoort produksie te begin gedurende die eerste kwartaal van die 2009-kalenderjaar. Die groep het ook begin met die voorbereiding van mynboureg-aansoeke vir onderskeidelik die Amajuba- en Uithoek-projekte.

Diamantdivisie

Diamanteksplorasie bly 'n belangrike deel van die groep se strategie en dit sal 'n aansienlike bydrae lewer tot die groep se toekomstige verdienste sodra die projekte geïmplementeer word. Gedurende die tydperk waaroor verslag gedoen word, is twee addisionele prospekteerpermitte toegeken langs die bestaande Mochudi-projek in Botswana.

Die groep het onlangs 'n nougespasieerde elektromagnetiese opname gedoen by die Turffontein- en Blaaubank-diamanteiendomme in die Noord-Wesprovinsie. Die aanvanklike resultate is baie bemoedigend en daar is ook nege blokke geïdentifiseer as moontlike teikengebiede wat verder geëksploreer sal word.

Goud- en nywerheidsmineraaldivisie

Hoewel primêr klem gelê is op die ontwikkeling van die groep se steenkoolbates, sal die maatskappy verdere werk doen aan geïdentifiseerde projekte in sy goud- en nywerheidsmineraaldivisie. Eksplorasie gedurende die tydperk waaroor verslag gedoen word, sluit boorbedrywighede in wat afgehandel is by die Uitval-kleiprojek in die Noord-Wesprovinsie, waar resultate bemoedigend was. Die strategie is om 'n paar van die projekte verder te ontwikkel volgens die waardekurwe om voorsiening te maak vir die groep om 'n gesamentlike onderneming te begin met 'n vennoot wat die projekte verder wil ontwikkel.

2. FINANSIËLE OORSIG

Finansiële resultate

Die maatskappy se netto batewaarde en die netto tasbare batewaarde vir die jaar geëindig 31 Augustus 2008, het onderskeidelik toegeneem tot R338 miljoen en R20 miljoen (2007: R327 miljoen en R11 miljoen). Dit is gelyk aan 157 sent per aandeel ("spa") en 9.5 spa (2007: 175.1 spa en 5.8 spa).

Inkomste was R372 000 (2007: R2 miljoen). Bedryfsuitgawes was R11.7 miljoen (2007: R4.2 miljoen). Die gevolglike netto verlies vir die tydperk was R9.6 miljoen (2007: R1.8 miljoen), gelyk aan 'n verlies van 4.5 spa (2007: verlies van 1.0 spa). Dit kan direk toegeskryf word aan die hoër uitgawes vir die steenkooleksplorasie. Die direksie is vol vertroue dat die kontantvloei op hande van die Sesikhona-projek die maatskappy in staat sal stel om die oorskakeling van prospektering na mynbou te versnel by minstens twee van die gevorderdste projekte.

Privaatplasing

In ooreenstemming met die strategie van 'n kapitaaluitgif wat net betyds was, het die maatskappy sy tweede kapitaaluitgif suksesvol afgehandel gedurende die tydperk waaroor verslag gedoen word. 'n Bedrag van R20.7 miljoen is gehef deur die uitgif van 28 miljoen aandele teen 'n prys van 74 spa. Die aandele is uitgereik kragtens die direksie se algemene gesag. Die opbrengs van die privaatplasing sal die maatskappy in staat stel om sy eksplorasiedoelwitte aansienlik te bevorder ten opsigte van die steenkoolprojekte wat hierbo genoem word en volledig in die jaarverslag uiteengesit is.

Waardasie van die Rozynenbosch-projek vir basismetale

Volgens die Internasionale Finansiële Verslaggewingstandpunte ("IFRS") moet die direksie gereeld bepaal of daar enige verswakking is in die waarde van die maatskappy se bates. Teen die einde van die huidige verslaggewingstydperk het die belangrikste twee veranderlikes wat waarde beïnvloed, naamlik die wisselkoers en kommoditeitspryse 'n opwaartse beweging getoon. Op grond van die korttermynveranderinge, het die indikatiewe waarde van die projek in rand-waarde toegeneem tot R462 miljoen. In ooreenstemming met die benadering tot die jaarresultate vir 2007 en op grond van die onsekerheid van die langtermynvolhoubaarheid van heersende kommoditeitspryse, is die direksie steeds van mening dat die waarde van R284 miljoen wat voorheen aangekondig is, meer realisties haalbaar is oor die lewensduur van die projek. Die waarde van die projek is gevolglik nie aangepas op die verslaggewingsdatum nie (2007: R284 miljoen).

3. VOORUITSIGTE

Die maatskappy is tevrede met die resultate en besteding tot dusver. Die sukses van die privaatplasing en die potensiële inkomste wat geskep sal word uit die Sesikhona-projek het die groep in 'n posisie geplaas om sekere steenkool- en diamantprojekte te versnel. Dit sal na verwagting lei tot positiewe resultate in die volgende 12 tot 18 maande.

Die direksie is van mening dat Miranda met betrekking tot die huidige finansiële onbestendigheid in die mark, voldoende hulpbronne het om voort te gaan met sy beplande eksplorasieprogram. Die ontwikkeling van die kernsteenkoolbates sal na verwagting nie wesenlik beïnvloed word nie (selfs nie indien die slegste moontlike scenario daartoe sou lei dat eksplorasie vertraag word by sekere vooruitsigte wat nie kern-vooruitsigte is nie). Op bedryfsvlak is die groep dus eenvoudig besig om die boublokke te lê vir sy besigheidsontwikkelingsplan. Markkrisisse skep hul eie geleenthede en Miranda kyk beslis na die toekoms asof dit die geval is.

4. VERKLARING VAN VOLGEHOUE ONDERNEMING

Die finansiële state is voorberei volgens die grondslag van 'n volgehoue onderneming, aangesien die direkteure alle rede het om te glo dat die maatskappy voldoende hulpbronne in plek het om voort te gaan met bedrywighede binne die afsienbare toekoms. Die fondse wat gehef is deur die privaatplasing sal gebruik word om die eksplorasieprogram wat uiteengesit is in die jaarverslag af te handel en om die maatskappy se bedryfskontantvloeivereistes te voorsien vir die volgende agtien maande. Die maatskappy sal voortgaan met sy strategie om net betyds kapitaal te hef soos en wanneer nodig. Addisionele kontantvloeivereistes sal intern befonds word uit toekomstige inkomste wat geskep word deur gesamentlike projekte.

5. BASIS OF PREPARATION AND ACCOUNTING POLICIES

Die finansiële jaarstate is voorberei in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslaggewingstandpunt IAS 34, die Maatskappyewet en die JSE se noteringsvereistes. Die finansiële state is voorberei volgens die historiesekoste-grondslag en die rekeningkundige beleid stem ooreen met die beleid van die vorige jaar, herwaardeer op die verkrygingsdatum.

6. DIVIDENDE

Geen dividende is aanbeveel of verklaar vir die finansiële jaar waaroor verslag gedoen word nie (2007: nul).

7. OUDITVERSLAG

Die resultate vir die jaar is geoudit deur die maatskappy se ouditeure, PKF (Pretoria) Inc. Die ouditeure se ongekwalifiseerde verslag is beskikbaar vir insae by die groep se geregistreerde adres.

Vir en namens die direksie

AR Thompson *Voorsitter* — **RJ Nel** *Uitvoerende Hoof* — 19 November 2008 Pretoria

STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

Groep	Aandeel-kapitaal R'000	Aandeel-premie R'000	Totale aandeel-kapitaal R'000	Her-waardasie-reserwe R'000	Opgehoopte verlies R'000	Totaal toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die groep/ maatskappy R'000	Minder-heids-belang R'000	Totale ekwiteit
Saldo op 01 September 2006	**1 537**	**29 952**	**31 489**	**–**	**(9 974)**	**21 515**	**–**	**21 515**
Finansiële bates	–	–	–	284 522	–	284 522	–	284 522
Verlies vir die jaar	–	–	–	–	(1 705)	(1 706)	(73)	(1 779)
Uitgif van aandele	334	23 138	23 472	–	–	23 472	–	23 472
Saldo op 01 September 2007	**1 871**	**53 090**	**54 961**	**284 522**	**(11 679)**	**327 803**	**(73)**	**327 730**
Verlies vir die jaar	–	–	–	–	(9 119)	(9 119)	(477)	(9 596)
Uitgif van aandele	280	20 440	20 720	–	–	20 720	–	20 720
Aandeeluitgifkoste	–	(1 036)	(1 036)	–	–	(1 036)	–	(1 036)
Besigheidskombinasies	–	–	–	–	–	–	(1)	(1)
Saldo op 31 Augustus 2008	**2 151**	**72 494**	**74 645**	**284 522**	**(20 798)**	**338 368**	**(551)**	**337 817**

Oordragsekretarisse
Computershare
Computershare Investor Services 2004 (Pty) Ltd
(Registration number 2004/003647/07)

Borg
sasfin CAPITAL

Korporatiewe adviseur
Qinisele Resources
Metals & Minerals Management

Redline